



Blitz 21/2018 : 24/04/2018



Die hantering van konflik in die werkplek

Die meeste van ons vermy gewoonlik konflik. Ons bewaar liewers die vrede, probeer dit wegredeneer of lewe maar net daarmee saam – dikwels met 'n wrok in die hart...net solank daar nie konfrontasie is nie.

Konflik is deel van die alledaagse lewe en is nie altyd sleg nie. Dit kan positief en bevrydend wees en tot almal se emosionele groei bydra, mits jy volwasse en met die nodige dosis emosionele intelligensie optree en bereid is om daaruit te leer.

Die SAOU wil jou graag tydens hierdie bemagtigingsgeleentheid die nodige gereedskap, strategieë en wenke gee om konflik met al die rolspelers binne jou skool suksesvol te hanteer.

Dealing with conflict in the work place

Most of us usually avoid conflict. We'd rather keep the peace, deny that conflict exists or simply live with it – often harbouring anger and animosity.....just as long as there is no confrontation.

Conflict is part of our daily lives and should not always be considered destructive. It can be positive and liberating, help us to grow emotionally, provided that we manage it with a good dose of emotional intelligence and a willingness to learn from it.

During this empowerment session the SAOU would like to provide you with the necessary tools, strategies and tips to successfully manage conflict with all the role players at your school.



Hoe beskerm ek myself

Daar is baie slaggate in die onderwyser se professionele loopbaan. Met hierdie toespraak probeer ons met padwerke daardie gate vul.

How do I protect myself

There are many potholes in an educator's professional career. With this presentation we try to use road works to fill these holes.



24 uur: Dit is die leerders se realiteit

'n Onlangse koerantopskrif lui:

SKOLE IS VANGNETTE. SOMMIGE LEERDERS SE VERWEER VIR HUL OPTREDE IS: AS DIEGENE IN GESAGSPOSISIES VERWAG DAT ONS ONS MOET GEDRA, BETEKEN DIT ALLEREERS DAT HULLE HUL MOET GEDRA.

Wat is die realiteite van die kind wat voor u in die klas sit? Watter invloed het die manier waarop hulle dink, die manier waarop hulle doen, die manier hoe hulle die wêreld sien, op dit wat in jou klas gebeur? Wat is die geheim wat die leerders in klas laat regop sit, 'n tweede keer kyk en môre gouer in die klas inkom, gouer stilbly en beter saamwerk? Kom vind uit of jy gereed is vir die antwoord.

24 Hours : This is the learners' reality

A recent newspaper heading reads:

SCHOOLS ARE SAFETY NETS. SOME LEARNERS' DEFENCE FOR THEIR ACTIONS IS: IF THOSE IN POSITIONS OF AUTHORITY EXPECT US TO BEHAVE, IT MEANS THAT THEY SHOULD BEHAVE.

What are the realities of the child sitting in your class? In what way does the way they think, the way they do, the way they see the world really affect what is happening in your class? What is the secret that gets the learners' attention, getting them to have a second glance and come to class tomorrow sooner, keep quiet and work better? Find out if you are ready for the answer.

Program / Programme

14:00 – 14:30 – Registrasie

14:30 – 14:40 - Verwelkoming

14:40 – 15:20 - Konflikhantering in die werkplek – Marietjie le Roux

15:20 – 16:00 - Hoe beskerm ek myself – Stephan van den Berg

16:00 – 16:40 – 24 hours : This is the learners' reality – Maresa Viljoen

Koste / Cost

R111-00 pp (SAOU-lede/members)

R161-00 pp (nie-lede/non-members)

Sluitingsdatum / Closing date

7 Mei/May 2018

Datum/Date	Plek/Venue	Skakel/link
14 Mei/May Maandag/Monday	Hoërskool Drie Riviere	Registreer vir 14 Mei / Register for 14 May
15 Mei/May Dinsdag/Tuesday	LS Van Riebeeckpark, Kemptonpark	Registreer vir 15 Mei / Register for 15 May
16 Mei/May Woensdag/Wednesday	Afrikaanse Hoërskool Germiston	Registreer vir 16 Mei / Register for 16 May
17 Mei/May Donderdag/Thursday	Afrikaans Hoër Seunskool Pretoria	Registreer vir 17 Mei / Register for 17 May